Dagsê alle belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Ek is nog steeds besig om die ou koerante te lees. Dit gee vir my kykie in die lewe van die mense van ou Pretoria wat nie in die geskiedenisboeke aangeteken is nie. Ek kry ook heelwat geskiedkundige feite wat nog nooit gepubliseer is nie. Vandag iets oor die onderstaande foto van die hoeksteenlegging van die Ou Raadsaal.




Paul Kruger het op 6 Mei 1889 die hoeksteen gelê van die nuwe Goewermentsgebou. Dit is die gebou wat vandag bekend staan as die Ou Raadsaal. In die Volksstem van **9 Mei 1889** verskyn ‘n berig oor die gebeure met sy volledige toespraak. Die president begin sy toespraak met ‘n woord aan die verslaggewers. “De rapporteur vraagt mij om langzaam te spreken doch if vreest dat de paarden tuch op hol zullen gaan.” [Ons vergeet soms dat daar ‘n tyd was sonder bandopmenemers en rolprent- of televisiekameras.]

Wie het die foto geneem? In die Volksstem van **19 Mei 1889** adverteer C. Robinson foto**s** van die hoeksteenlegging van die Staatsgebou. Wat my dadelik opval is dat hy praat van foto**s** in die meervoud. Ek gaan kyk toe na my fotos en sien dat dit wat ek nog altyd beskou het twee afdrukke van dieselfde foto in werklikheid twee verskillende fotos is. Op die ander foto is daar baie meer mense wat na die kamera kyk en nie na die President nie. Op die eerste foto staan President Kruger meer regop langs die paal. Hy is seker gevra om vooroor te buk vir hierdie foto. Ek wonder hoekom het soveel van die manne hul hoede afgehaal?

Seker die bekendste fotograaf van ou Pretoria was H.F. Gros. Die presiese datum is nie seker nie, maar Robinson het later die ateljee van Gros op die hoek van Kerk- en van der Waltstraat oorgeneen.

Oorkant Markstraat sien ons van links na regs die haarkappersalon van E. Fuchs. Bokant die drie vensters adverteer hy “Hot Baths, Cold Baths en Shower Baths”. Die volgende gebou is die kroeg “My House Bar” van Smith en Jones en laaste die bakkery van E.G. Heather.

**Hofsaak Fuchs teen Lys**

Die erf oorkant die Ou Raadsaal met met ‘n straatfront in Kerkplein, Markstraat en Pretoriusstraat het oorspronklik behoort aan John Robert Lys. Na sy dood in 1880 word dit die eiendom van sy weduwee.

Mev Lys dra ‘n stuk van die erf met straatfront in Markstraat oor aan Fuchs vir ‘n termyn van 21 jaar met die reg om sekere geboue daar op te rig volgens plan. Hy betaal £2 per maand en na die termyn word die grond sy eiendom. Die Volksstem van **27 Junie 1889** berig dat mev. Lys na die verloop van twee jaar twee latrines wat Fuchs gebruik, maar wat nie op sy grond staan nie, laat afbreek het. Hy maak ‘n saak teen haar maar die hof besluit ten gunste van mev. Lys en Fuchs moet nou sy eie toilette bou.

**Nog ‘n stukkie uit die Volksstem**

Gedurende 1889 was die Goewermentsgebou [Ou Raadsaal] nog in aanbou en ‘n alternatiewe plek moes vir die sitting van die Volksraad gevind word. Aanvanklik is in die Volksstem berig dat die regering die Alhambrasaal gaan huur vir die sitting maar later is berig dat die President Teater spesiaal ingerig word vir die Volksraadsitting.

In die Volksraadsaal is ‘n spesiale tafel vir die manne van die pers [of Rapporteurs soos hulle genoem was] beskikbaar gestel. Op ‘n dag in Junie 1889 het die Voorsitter van die Volksraad – die heer Kloppers - gedurende pouse in ‘n privaatgesprek met ander lede die volgende gesê: “Ik zal Celliers op zijn tabernakel zitten”. Die volgende dag is dit in die Transvaal Advertiser gepubliseer. Soos te verwagte was die lede van die Volksraad gladnie gelukkig daaroor nie. In ‘n volgende sitting verklaar hulle die pers het die voorreg wat hulle gegun word om die Volksraadsittings by te woon, misbruik. In die vervolg moet alle rapporteurs ‘n toegangspermit besit wat deur die Voorsitter en die Sekretaris van die Volksraad geteken is. Ook sal aan geen rapporteur van die Transvaal Advertiser so ‘n kaart toegeken word nie.

Die Celliers waarvan gepraat word is natuurlik J.F. Celliers, die vader van die digter Jan F.E. Celliers.

Alhambrasaal/Presidents Teater – Ek wil graag weet of dit twee verskillende sale is of is dit dieselfde saal wat net van naam verander het. Kan iemand miskien help?

**Dokters van 1889**

In daardie jare het die dokters advertensies in die koerante geplaas. So lees ons van Max von Strukrad Md. Hy adverteer homself as ‘n Genees-, Heel-, en Verloskundige. Sy spreekure is van 9 – 11 in die Transvaal Apteek en in die middag van 4-5 in die woonhuis van Julius Jeppe in Kerkstraat by Meintjesspruit. [vandag is dit naby Leeubrug]

Dr. Knobel verhuis na Schoemanstraat. Tussen die woning van Charles Celliers en Rodda, skuins oorkant regter de Korte; Konsultasiekamer Esselen Apteek. Later word ook berig dat hy ‘n suksesvolle operasie uitgevoer het om ‘n ovariese geswel by ‘n vrou te verwyder,

Dr. G.W.S. Lingbeek. Nederlandse Arts. Spreekure 12-1 naby die pastorie van die Ned. Herv. Gemeente.

Dr. Gordon Messum verhuis na die vroeëre woning van Hoofregter Kotze – oorkant die die huis van die Britse Resident. Konsultasiekamer is in die Apteek van Phillips. Spreekure van half drie tot half vier elke middag.

Frits Stiemens was in daardie tyd sekretaris van die Volkshospitaal. Hy plaas ‘n berig in die koerant wat meld dat die Hospitaal elke dag tussen 11 en 12 oop wees vir die opneem van pasiënte.

Charles C. Davey Genees- Heel- en Verloskundige vestig hom in Pretoria. Tydelike spreekkamers in Clarendon huis Kerketraat wes. [dit is ‘n groot losieshuis] Boodskappe kan gelos word by S. Gillingham [bakker] en ook by Bernhard C. Mayer in Lohner’s gebou Kerkstraat oos. [Natuurlik geen selfone en ek wonder of daar toe al telefone was?]

**Nog iets oor die Volksspelen**

In die Volksstem van **4 Junie** 1889 word die uitslae van die Volksspelen wat op Hemelvaartdag gehou is gepubliseer en hier noem hulle ook dat die hindernisse van die hinderniswedren daarin bestaan dat die deelnemers deur ‘n met verf gevulde sak moet kruip en tot groot vermaak van die toeskouers gekleurd anderkant uitkom. Die doel van die Boogsprietlopen is om ‘n ‘n kis te bereik aan die einde van ‘n paal wat oor die water hang en dik met vet gesmeer is.

Op **6 Junie 1889** word weer ‘n Volkspelen op geadverteer wat op Pinkstermaandag gehou gaan word. Nou word dit meer wat ons ‘n boeresport sal noem en items soos sakresies, 3-been resies, kruiwaresies en donkieresies word aangebied. Wat veral interessant is is die volgende; die mense word genooi om te kom kyk na die opstyging van ‘n groot ballon, gemaak volgens die aanwysings van die heer Montgolfier. Dit is die grootste ballon wat nog suid van die linie gesien is. “Daar men een reis over de goudvelden zal maken, kunen passagiers plaats nemen by die volgende heeren: voor den Rand by Binden & Bell en voor de Low Country bij Piet Zederberg, een goede gelegenheid gevende aan spekulanten omn de zaken in oogenschow te nemen.”

Ek wonder of daar enige fotos van die ballon geneem is?

Die volgende van Nicol Stassen

Ek is tans besig met navorsing oor die Afrikaners in Angola. Afrikaners bly al sedert 1881 in Angola, maar die meerderheid is in 1928-1929 na die destydse Suidwes-Afrika gerepatrieer. 'n Kleiner groep het egter na 1928 agtergebly. Hiervan is 'n tweede groep in 1958 met die hulp van die Sentrale Skakelkomitee vir Angola-immigrante en die Hervormde Kerk na Suid-Afrika gerepatrieer. Hier onder was daar baie lidmate van die Hervormde Kerk. Toe het daar nog steeds 'n groepie agtergebly wat in 1975 met die uitbreek van die burgeroorlog in Angola na die destydse Suidwes-Afrika en Suid-Afrika gevlug het. Alhoewel ek in alle aspekte van die geskiedenis van Afrikaners in Angola belangstel, soek ek spesifiek ook inligting oor die Afrikaners wat van 1928 tot 1975 in Angola gebly het. Enige herinneringe, vertellinge, foto's en briewe sal verwelkom word.

Ek kan gekontak word by nstassen@proteaboekhuis.co.za of 0027-12-3625704 of 0027-82-5729537, of by Posbus 35110, Menlopark, 0102, RSA.

Oudste foto van Pretoria

Pretoria sal op vanjaar op 16 November 150 jaar oud wees. Met die oog daarop is Nico van der Walt op soek na die oudste foto van Pretoria. Het enige van u miskien fotos of inligting wat kan help. Hulle meen die oudste foto is een van John Robert Lys se huis. Dit was op die Kerkplein deel van die erf waar die haarkappersalon van Fuchs later gebou is.

Registers van die Hervormde Kerk

Die vogende registers is nou op CD beskikbaar. Belangstellendes kan my kontak of vir Nandor Sarkady by die Hervormde Kerkargiewe in Jacob Marestraat.

* Potchefstroom Huweliksregister [1838 – 1885]
* Pretoria Doopregister [1858 – 1889]
* Pretoria Huweliksregister [1885 – 1889]
* Pretoria Distrik Huweliksregister [1886 – 1899]
* Rustenburgse Huweliksregister [1892 – 1922]

Groete tot volgend maand,
Rosa Swanepoel